KAMMANUUS
'n publikasie van onsdorp.com
Nommer 253 23 Februarie 2009

TOULEIER

Uiterstes agtervolg hierdie Jona nog steeds!

Hallo, Julle

Kamermaatjie land toe mos die 8ste Februarie hier. Intussen is daar ingeskeep aan allerhande lekkernye soos droëwors, koeksisters, karringmelkbeskuit en boerewors - als hier gemaak deur die Saners wat hier woon.

Ons begin toe regmaak om die laaste paar 'wintersdae' hier in Doha so veel moontlik buite deur te bring voordat die groot hitte kom.

Die 14de, die dag van rooi dra en rooi hartjies en rose, lê toe nog voor.

Ook soos met Nuwejaar, is feestelikheid rondom Valentynsdag hier in Katar eintlik verbied. Weer eens het die winkels hulle nie veel daaraan gesteur nie. Orals was als in pienk en rooi getooi en harte vol helium het hier en daar uit die dogtertjies se hande ontsnap.

Daar tref die stofstorm van alle stofstorms ons toe. Nou wil ek nie soos 'n Jona voorkom nie, maar van die laaste eeu af al is dit asof ek en Kamermaatjie die voorlopers is vir natuurfratse.

Dié ding kom eintlik van ver af saam met my.

Lank, lank gelede, selfs voor die tyd van TV, het ek agtergekom dat dit altyd swaar reën as ek die lang pad vat.

Ek het later selfs aangebied t om in plekke soos die Kalahari te gaan kuier wanneer hulle oor die droogte gekla het.

So erg gereeld het dit geraak dat ek al amper deur weerlig raakgeslaan is in my rooi Pietjood, daar êrens tussen Griekwastad en Groblershoop. Steeds wonder ek, hulle sê mos 'n mens is veilig in jou motor, al tref 'n bliksemstraal jou met 'n kolskoot.

Wat dink julle, is dit so?

Toe Kamermaatjie met die reënmagneet trou, word ons 'n nog groter krag in die natuur.

In Kanada was dit die langste somer in menslike geheue toe ons daar was.

Toe ons in Oostenryk wou gaan ski, was daar daardie Oktober vir die eerste keer in jare geen sneeu op die skihellings nie.

Van land tot land het die uiterstes ons gevolg. In Indonesië het ons darem die tsoenami gemis. Ook maar net omdat ons daai Krismis met vakansie in Duskantland was.

Ons is het destyds juis ná ses maande se stofstorms uit Welkom (die ergste in die geskiedenis) weggeloop toe Wesselsbron vir die soveelste keer oorgewaai het Odendaalsrus toe.

Ek het net een dag by huis gekom van die myn af en op my kopkussing, in die stof, het daar met die vinger geskryf gestaan: *Hier gaan ek nie bly nie*.

Hier in donker Doha het ek die stofwolke só gekyk en begin dink ook hier is die skrif aan die kussing, ook hier gaan sy nie bly nie.

Gelukkig gaan lê die wind toe die Vrydag, die 13de dag van Februarie, en gelukkig het ek 'n lekker bottel sjampanje in die yskas gehad. Ook sommer 'n lekker klomp soort kase en sommer baie tjoklits.

Toe, op Valentynsdag, is die Kaap, of liewer Doha, weer Hollands!

Groetnis tot volgende keer

Hennie Greeff
Doha, Katar

ROELFIE
SLAAT RAAK

✤ Minister Idioot

ROELFIE se kennis van nege van ons amptelike tale is beroerd, maar hy dink Nqakula beteken baie groot. Dan beteken Mapisa seker iets soos idioot, want dis al wat by ons minister van binnelandse sake pas.

Danksy hierdie "departement uit die hel" is Duskantland nou al weer in die muishond-kategorie wat paspoorte betref. Ons paspoort is - weens al die wanbestuur en bedrog - in Brittanje net so min werd as 'n Zim-dollar. Ons het nou mos visums nodig, teen R991 elk.

Roelfie wonder net hoe gaan hulle die bedrog met visums keer?

►En om te dink jy spring sommer net oor 'n draad as jy Duskantland wil binnekom!

Nee, hierdie foto kom nie uit Indië of die Soedan nie, maar uit Centurion. En wonder bo wonder is hy darem van die pad afgetrek.

✤ Die nuwe rooi gevaar

MET die jaarlikse parade van vet mense (of is dit net hul dik velle wat hulle so vet maak?) en swak smaak by die opening van die volkiesraad agter die rug, onthou Roelfie nog hoe hy in die laat jare 80 in 'n saal gesit het waar die spreker gewaarsku het teen die "rooi gevaar" en die "dreigende magte van die duisternis."

Verlede week het hy in dieselfde saal gesit en luister hoe daar opnuut teen dieselfde gevare gewaarsku word. Hierdie keer was die spreker een van daardie einste "vyande" waarteen destyds gewaarsku was: Mossie Dakota, gewese patetiese minister van verdediging en tans die leier van Cope.

►Miskien beteken dit dat daardie Nasionale Party-spreker van destyds tóg 'n punt gehad het, of hoe?

✤ Tuis tussen skarminkels!

EERS moes ons hoor van die oorloper Carl Niehaus se hoge en uitspattige leefstyl, sy korrupsie om dit te handhaaf en die geld wat hy aan almal skuld.

Nou lyk dit ook of daar niks is waaroor hy nie gelieg het nie: Hy het nie 'n doktorsgraad nie, hy het nie 'n suster vir wie se begrafnis hy geld geleen het nie en hy het ook gelieg toe hy al huilend vertel het dat hy in 1983 die slagoffer van wrede bendeverkragting was toe hy vir hoogverraad tronk toe is. Sy direkteurskappe en dinge het ook net in sy eie brein bestaan, net soos sy BA-graad aan Wits. Hy het ook geen dodelike siekte nie.

En wie blameer die pateet? Apartheid, natuurlik - al die tyd wat hy in die tronk moes sit vir sy "beginselbesware teen apartheid". Klink mos amper of daar 'n tyd was toe by beginsels gehad het, maar Roelfie dink hy lieg ook daaroor.

► G'n wonder die ANC wou hom nie skors nie, maar net "herontplooi." 'n Mens *fire* mos nie iemand wat so goed by die party inpas nie!

✤ Lugdiens se nuwe baadjie

ONS lugdiens is al weer met miljarde rand in die skuld. Die SAA is deesdae ook gereeld in die nuus oor bemanning wat dwelms smokkel. Die regering se geld is op, en die SAA het nou glo 'n borgskap met 'n groep dwelmsindikate beding om kop bo water te probeer hou.

Die SAA steier nou al jare van die een krisis na die ander, en elke keer moet die mense wat belasting betaal, hoes.

Die eenvoudige oplossing - om bekwame mense aan te stel al is hulle wit, is natuurlik nie aanvaarbaar nie.

► Eish!

Allegaartjie

Dis baie lekker om 'n Duskantlander te wees!

1. Jy kan rou, gedroogde vleis eet sonder dat dit iemand afsit.

2. Niks is jou skuld nie - jy blameer dit op apartheid.

3. Jy kan elke drie maande 'n nuwe kar kry, en die versekering betaal selfs daarvoor.

4. Jy kry patetiese diens in elf amptelike tale.

5. Jy kan treine afbrand wat laat loop, en die volgende dag kan jy die stasies afbrand omdat daar nie treine is nie.

6. Dis al land ter wêreld waar stakende werkers dans en sing om te wys hoe kwaad hulle is.

7. Hulle dink jy is lomp as jy nie jou selfoon gebruik, CD's omruil, 'n koeldrank drink, jou grimering versorg en 'n sigaret aansteek en die koerant lees onderwyl jy teen 160 km/h in 'n 60 km-sone ry nie.

8. As jy in Johannesburg, kan jy spog jy bly in die wêreld se gevaarlikste stad.

9. Diefwering verhoog die waarde van jou eiendom.

10. Jy mag jou erf se mure met doringdraad en bottelstukke versier.

11. Die wegsleepwaens is altyd eerste op die toneel van 'n misdaad. Vir die polisie moet jy drie keer bel, en duim vashou.

12. Die polisie vra jou of hulle die misdaad wat jy aanmeld, moet opvolg.

13. 'n Moordenaar kry ses maande tronkstraf, en iemand sonder 'n TV-lisensie kry twee jaar.

14. Tronkvoëls mag staak en in die verkiesing stem.

15. Die polisiekantore het noodalarms wat geaktiveer word as hulle beroof word.

16. Kondome is gratis, en vir plastieksakke betaal jy.

17. Politici styg in die regering se hiërargie as hulle misdaadrekords het.

Ja nee, dis alte lekker hier!

PRAATING THE TAAL

Die Engelsman wat nie Afrikaans verstaan nie, gaan koop 'n perd by 'n boer wat nie waffers Engels kan praat nie.

"I want a good-looking horse," sê die Engelsman terwyl hulle na die perde-stalle stap.

Die boer wys na die eerste een: "This one looks good."

"No. that one over there looks much better to me," sê die Engelsman.

Die boer sê: "That one does not look so good. This one looks better."
"No, that one looks better", hou die Engelsman vol.

Hy koop die een waarvan hy hou. Twee dae later is hy woedend terug.
"The horse you sold me is blind."

En die boer antwoord selfversekerd: "But I told you that one does not look so good."

DRA JOU VHS-KASSET OOR OP DVD!

Die VHS-formaat het 'n beperkte rakleeftyd en is ook besig om vinnig uit die mode te gaan. Dra jou kosbare video's oor op onverganklike digitale DVD-formaat voordat dit te laat is!

Rig jou navrae aan vryskut@spektrum.co.za

OP KOMMANDO

Was al die Boere dapper?

Kammanuus begin vandeesweek met 'n reeks stories uit en oor die Anglo-Boereoorlog, daardie dapper maar droewe hoofstuk uit ons volksgekiedenis.

Die skrywer is 'n sport- en oorlogshistorikus van Pretoria.

OP 'n dag gaan kuier ons uit die Kaap by my ma se niggie in die Ventersdorp-omgewing. Sy en haar man, Koos Visser, het op 'n plaas gebly met 'n naam wat jy vandag nie meer in enige geselskap noem nie.

Daar het ek die eerste en enigste keer 'n kryger ontmoet wat self in die Anglo-Boereoorlog gedien het. Hy was oom Niklaas Claassen. Met dié dat my ma so spog oor haar seuntjie se belangstelling in die geskiedenis en veral in die oorlog, word ek nader aan oom Niklaas gedruk.

"Toe, vra die oom nou oor die oorlog," word daar gepor.

Oom Niklaas was toe reeds blind. Sy gehoor was egter goed en ek onthou nog sy ruie grys baard met die pypolievlekke soos roeskolle. Sonder dat ek weet hoekom, vra ek toe heel onskuldig "Oom, was al die Boere dapper?"

Die oom gee so 'n pyprookkuggie. Toe vertel hy my die storie.

Hy was 'n penkop in die kommando van genl. Koos de la Rey, vertel hy. Saam op kommando was Siener van Rensburg. Elke keer as die generaal 'n besluit moes neem, wou hy eers weet of die Siener nie dalk iets kon "sien" wat met die besluit kon help nie.

Soos die oorlog gevorder het, het die generaal agtergekom dat die Siener soms misgekyk het. Teen die einde van die oorlog wou De la Rey telkens tog by wyse van spreke 'n tweede opinie ook kry.

Dié dag wou die manne uitspan. Siener het gereken dat daar geen Engelsman in die omgewing was nie. Maar die generaal was onrustig. Hy vra toe vir Niklaas Claassen, wat die jongste in die kommando was, om 'n koppie uit te klim en net Siener se gevoelentes te bevestig.

Oom Niklaas Claassen kug eers weer en gaan toe aan.

"Met die klim teen die koppie raak ek bang. Daar op my eie raak ek bang. Vreeslik bang. Ek was nog jonk en wou nie nou sterf nie," vertel hy my.

So van rots tot rots het hy met kloppende hart die koppie uitgeklim.

Uiteindelik sien hy 'n groterige rots aan die bokant van die koppie en reken dat as hy net die rots kan bereik sou hy veilig die vlakte aan die anderkant kan bespied.

"Ou kinta, dit was toe ek so om die rots kyk, dat ek behoorlik vierkantig in die oë van 'n kakie kyk. Hulle moes ook 'n siener gehad het wat hulle nie vertrou het nie."

"En toe, oom?" vra ek toe dit lyk asof Niklaas Claassen klaar gepraat het.

"Toe, my boetie, toe hardloop ek. Ek verwag elke tree wat ek gee om die doodskoot te kry. Maar niks gebeur nie. Dit was toe ek uitasem halfpad bult af agter 'n groot klip ingeval het, dat ek vir die eerste keer kon hoor hoe rol die klippe aan die anderkant van die koppie af soos die Engelsman ook hardloop.

"Dapper vra jy my? Nee my kind, in 'n oorlog wil jy graag bly leef."

Die Romeine het geglo, "Dulce et decorum est pro patria mori". (Dit is goed en edel om vir jou land te sterf.)
Hulle was verkeerd.

NASKRIF deur Kammanuus: Die veelbesproke Siener van Rensburg was volgens die historikus Fransjohan Pretorius self nie een van die dapperste Boere op kommando nie, maar een wat tydens veldslae verkieslik die laer opgepas het.

Dié week se giggels

VEEARTS SE RAAD

Die vrou het ontdek dat haar skoothondjie skaars kan hoor. Sy vat hom veearts toe, wat vind dat albei ore vol hare is. Hy maak hulle skoon, en beveel aan dat sy Nair koop en dit een keer per maand aan sy ore smeer om die probleem te voorkom.
Sy stap by die apteek in om Nair te koop. Die apteker sê as sy dit onder haar arms gaan gebruik, moet sy vir 'n paar dae nie 'n reukweerder gebruik nie. As sy dit vir haar bene koop, moet sy hulle twee dae lank nie skeer nie.
Die vrou sê: "Dis nie vir my arms of my bene nie. As jy dan móét weet, ek koop dit vir my chihuaha."
Die apteker kyk haar begrypend aan, en sê: "In daai geval, mevrou, beveel ek aan dat jy 'n week lank nie fietsry nie."

VINNIG GEDINK

'n Man stap die biblioteek binne en vra 'n boek oor selfmoord.
Swart biblioteekaresse: "Hé wéna voetsek! Wie gaan die boek terugbring?"

STOEPID VRAAG

Die dronkie sleep 'n ketting agter hom aan.
Kroegman: "En hoekom sleep jy 'n ketting agter jou aan?"
Dronkie: "Het jy al probeer om 'n ketting te stoot?"

GEHEIM

Die mamma help haar seuntjie met sy ritssluiter.
"Die geheim is," sê sy, " is om hierdie twee hakies regoor mekaar te kry," en sy doen dit.
"O," sê hy. "Hoekom is dit 'n geheim?"

BEKKIGE KARNALLIE

'n Vrou het baie las met haar bekkige vierjarige seuntjie in die kerk.
Hy lewer luidkeels kommentaar op alles en, ondanks al die kwaai kyke, ernstige vermanings en waarskuwings, kom hy net nie tot bedaring nie.
Eindelik raak haar geduld op en sy gryp hom en stap met hom oor haar skouer in die paadjie af, deur toe.
Toe sy so driftig by die deur uitstap, kyk hy oor haar skouer terug vir die gemeente en sê met 'n klokhelder stemmetjie: "Bid vir my!"

HUWELIK

Die huwelik is 'n manier om te voorkom dat mense met wildvreemdes baklei.

HÄGAR die Verskriklike deur Chris Browne

Hoe om 'n kar te diens

VROUE

1. Ry na jou naaste dienssentrum toe sodra die motor 10 000 km gedoen ná sy laaste diens.
2. Drink ’n gratis koppie koffie en lees die gratis koerant terwyl jy wag vir die drywer om jou huis of werk toe te neem.
3. Jy word geskakel en dieselfde drywer kom haal jou later die dag.
4. Hulle gee jou ’n verslag waarin daar staan hulle het die olie en die vonk-proppe vervang. Hulle gee jou die ou vonkproppe terug.
5. Jy betaal R580 en ry huis toe met ’n wete dat dit ordentlik gediens word.

Bedrag bestee: R580

MANS

1. Wag tot Saterdag. Ry na onderdelewinkel waar jy gesien het hulle het *specials*. Koop vyf kanne olie en kry een gratis by. Koop ’n oliefilter en handreiniger en kry ’n gratis lugverfrisser-hangertjie. Koop ’n sak houtskaafsels om enige olie wat dalk kan mors, op te vang. Betaal maar R430 vir als saam.
2. Stop by die drankwinkel om jou goeie sakevernuf te vier. Koop ’n kas bier, ’n kas Coke en ’n bottel Richelieu met jou winste. Kry weer afslag en betaal net R170 vir als. Stop by die slaghuis en kry biltong vir die rugby later vanmiddag nadat jy die kar gediens het.
3. Ry huis toe en drink ’n bier vir al die dorswerk tot nou toe. Hys die kar op. Soek 30 minute na die bokkies. Kry hulle onder die woonwa.
4. Sit ’n oliepan onder die enjin. Maak die olieprop los en laat hom in die pan met die warm olie val. Daar mors van die warm olie op jou. Vloek en swets.
5. Kruip uit onder die motor om die olie van jou gesig en hande af te vee. Gooi skaafsels waar jy olie gemors het.
6. Sit agteroor en drink ’n bier terwyl jy wag vir al die olie om uit te loop. Spandeer dan 20 minute om die oliefilter se sleutel te soek. Gee op en wetter sommer ’n skroewedraaier deur die filter en draai hom daarmee los.
7. Kruip onder de kar uit met olie wat oral van die filter afdrup. Gooi skaafsels en drink nog ’n bier.
8. Sit die nuwe filter op en maak seker hy seël mooi deur eers ’n dun lagie olie aan sy *gasket* te smeer.
9. Maak ’n vyfliter oliekan oop en gooi dit in. Onthou skielik van die olieprop in stap 4. Duik onder die kar in om die prop in die oliepan te soek.
10. Ontdek dat die hele vloer skielik vol vars olie is. Gooi nog skaafsels en maak ’n bier oop.
11. Laat glip die vol bier uit jou olierige hande en bemors die deel van die vloer wat nog nie olie op het nie.
12. Gooi skaafsels. Skaafsels is op. Kry nie sand nie. Gooi koerantpapier.
13. Kruip weer onder die kar in en kry skaafsels in jou oë. Vee jou gesig af met die olierige lap waarmee jy die olieprop afgevee het. Die sleutel glip terwyl jy die prop probeer vasdraai en jy verloor ’n paar nerwe teen die bakwerk.
14. Raak woes aan't vloek sonder om woorde te herhaal. Gooi die sleutel. Tref die glasbottel vol moertjies en boutjies.
15. Tel moertjies en boutjies en glasstukke op terwyl jy nuwe vloekwoorde uitprobeer. Sny ’n vinger met ’n glasstuk. Bier. Verbind bloeiende hande. Bier. Gooi nog ’n blik olie in die kar en laat sak die kar.
16. Toetsbestuur die kar. Word afgetrek en vir dronkbestuur aangekla.
17. Skakel jou liewe vroutjie om borggeld te bring.
18. Gaan haal jou kar die volgende dag uit die skut.

Koste:

Olie en ekstras	R 430
Drank	R 170
Boete	R2000
Skutgeld:	R 400
Totaal bestee	**R 3000**

Gelukkig weet jy die werk is ordentlik gedoen!

MAKERIEPAS

Rooi oë, gate toe!

Deur Corinus du Toit

Dis Desember 1975 en SA troepe is diep in Angola met operasie Savanna ontplooi. Daar is 'n hewige debat in die VVO aan die gang oor Suid-Afrika wat hoog en laag sweer dat daar nie 'n enkele RSA-voet oor die grens gesit is nie. Ouers van dienspligtiges is onder die indruk dat hul seuns iewers in SWA besig is om die grens te bewaak, terwyl die regering en die CIA skynbaar besig is om te konkel oor die Angola-situasie.

Intussen het RSA troepe die vinnigste opmars in die geskiedenis van oorlog-voering gemaak (regtig) en Veggroep Orange het tot stilstand gekom by die opgeblaasde brug van Cariango.

Snags is daar geen radioverbindings nie, en so sit ek alleen met 'n Unita-troep iewers as Voorste Observasie-offisier in die maanlig Portugees en leer terwyl 'n uitgeskiete Kubaanse tenk kwalik 'n kilometer van my af herwin word en ek daar niks aan kan doen nie. "Arma, bota, chavena es vermillion" (geweer, stewel, koppie is rooi, as ek reg onthou) is van die woorde wat ek leer en tot vandag toe onthou.

So tussendeur is daar van tyd tot tyd hewige artilleriegevegte. FAPLA sluip met hul 122 mm Stalin-orrels in die nag in voorbereide stellings anderkant die rivier in en looi ons teen dagbreek. Die vuurpyle se rooi pluime wanneer dit opstyg, gee dit spoedig die naam "rooi oë".

Die artilleriewaarnemers (OP's) is in 'n goeie posisie om eerste te sien as die goed wegtrek, en die waarskuwing "Rooi oë, gate toe!" oor die radio laat almal na die loopgrawe toe haas. Daar was die dag toe vier van ons kanonne tegelykertyd in 'n vuurgeveg met so 'n Stalin orrel, 'n klomp mortiere, asook 'n troep 122 mm kanonne was - en hulle stil geskiet het.

Een dag is die hartseer daar. Die laaste salvo van die dag land binne die artilleriestelling. Toe die stof wegtrek, is een troep dood en verskeie ernstig beseer.

Heldedade is daar ook. Klein Hugo, 'n radiobediener, sien dat die ontploffings ladingkiste aan die brand gesteek en bo-op 'n ammunisietrok gegooi het. Hy klouter op die trok, gooi dit af en met sy skraal lyfie sleepdra hy die 100 pond dooie gewig brandende kiste tot buite die kring van die kanonne.

Einste hy wat op 'n stadium sy lyf ammunisienommer hou en met twee 80 pond projektiele op sy skouers tussen 'n ammunisievoertuig en 'n kanon hardloop sodat daar op 'n stadium op 'n vlugtyd van 58 sekondes vyf projektiele soos 'n trein gelyktydig in die lug is.

Die Britse handleiding van die 5.5 duim (140 mm) kanon praat van tempo hewig as drie skote in twee minute, maar die Souties het ooglopend nog nooit van Boere-inspirasie gehoor nie.

Na hierdie insident is almal hipersensitief, dus as die radio uitgil, "Rooi oë, gate toe!", laat almal spaander. So sit Pottie as OP die dag saam met Lieb, sy radiobediener, iewers op 'n koppie en bespied die vyandelike stellings.

Toe die eerste rooi oog opstyg, stuur Lieb die waarskuwing. Artillerie-prosedure is dat alle radioberigte erken word, maar hierdie keer is daar stilte. Pottie gryp die radio en bulder self, "Rooi oë, gate toe!". Steeds stilte. Nou is die vuurpyle reeds byna by hul teiken en hy swets oor radioverbin-dings wat op 'n kritieke stadium faal.

Kom Hugo se stem egter oor die radio. "Luitenant, ons is lááánkal in die gate!"

EETSAAL SE REËLS

Dis die nuwe troepe se eerste ete, en die sammajoor spreek hulle toe.
"Daar is drie reëls in die eetsaal. 1. Sjarrap! 2. Eet! 3. Loop! Goed, wat is die eerste reël?"
"Sjarrap, sammajoor!" kom dit in 'n koor.

AFRIKAANS
is mos my taal

Voor op die wa wees

In die ou dae moes kinders en ondergeskiktes gesien, maar nie gehoor word nie — hulle moes hul plek ken en hulle nie ongevraagd tussen die volwassenes of die gesiene mense inwurm nie. Voor op die wa was die sitplek wat op die trekpad gereserveer is vir die boer en sy vrou, of vir ander uitgelese mense in hul geselskap. Die minderes moes agter op die wa saamry.
Ondergeskiktes wat hulle voor tuis gemaak het, was dus letterlik "te voor op die wa", en hierdie uitdrukking word vandag nog oordragtelik gebruik vir vrypostige mense wat hulle regte toe-eien wat hulle nie toekom nie.

•• Daar word soms ook grappenderwys gewaarsku: "Pasop om so voor op die wa te wees - netnou mis die agteros op jou kop."

Stadig oor die klippe

Ander idiome word weer verklaar met humoristiese stories, soos "Stadig oor die klippe".

Hierdie bekende storie gaan oor die tannie wat op 'n afgeleë plaas gesterf het. Die begrafnis was in die familiekerkhof en die kis is op 'n ossewa gelaai, met Jonas as touleier.

Op pad soontoe moes die wa deur 'n klipperige driffie en toe die wa oor die klippe stamp, het die tannie uit 'n skyndood bygekom.

Jare later het die tannie weer die tydelike met die ewige verwissel. Toe die lykstoet uit die werf wegtrek, het oom Piet gesê dat Jonas tog net stadig oor die klippe moet gaan.

So 'n bietjie PITKOS

Die Amasone

Die Amasone-reënwoud produseer meer as 20% van die wêreld se suur-stofvoorraad. Die rivier stoot so baie water in die Atlantiese Oseaan dat die see honderd myl van sy monding af nog vars is.

Die Amasone se volume is meer as die wêreld se agtste riviere saam en drie keer meer as al die riviere in die VSA.

Antarktika

Antarktika is die enigste land wat aan geen moondheid behoort nie. Die kontinent bevat 90% van die wêreld se ys, en die ys verteenwoordig 70% van die planeet se vars water.

Eintlik is Antarktika 'n woestyn, met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van ongeveer 50 mm. Dit is die droogste plek op aarde, met 'n absolute humiditeit laer as dié van die Gobi-woestyn.

Kanada het meer mere as die res van die wêreld saam. Kanada is 'n Indiaanse woord wat Groot Dorp beteken.

Damaskus in Sirië is 'n paar duisend jaar gestig voordat Rome in 753 v.C. aangelê is, en is die oudste heeltyds bewoonde stad op aarde.

Los Angeles se volle name is El Pueblo de Nuestra Senora la Reina de los Angeles de Porciuncula, kortweg L.A.

Rome was die eerste stad met 'n bevolking van een miljoen, in 133 v.C. Daar is op elke kontinent 'n stad met die naam Rome.

Spanje beteken letterlik "land van hase."

Outydse rate

Mevr. DJH se Geneeskundige Raadgevingen (1913)

Versterkmiddels

(Ingestuur deur Gerrit Theron van Hartenbos)

Stuipen

Geef een groot mespunt jalapeoeder met magnezia in tot het werkt. Een Spaansevlieg pleister mop de krop van de maag zetten, zo groot als een stuiver.

Vergiftiging

Stockholm teer zo groot als een loper (wat sou dit wees?) inneem. Wilde dagga sterk gekookt. Melk en zoet olie. Mens-water. Kamferbrandewijn. Goud geveild en ingeven.

Versterkmiddels

Klits een rauwe eier met weinig zout, neem om 11 uur. En bottel portwijn met een flesje versterkdroppels, dreimaal daags een eetlepel vol.

STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

Basson
heimar@telkomsa.net
Mense van die name Jasper Johannes Jacobus Basson kan my gerus kontak.

Biermann/Basson
annaib@rabdos.co.za
Ek is besig met die stamboom Biermann/Basson. Wil meer inligting kry oor die Bassons.

Blom
NelieBlom@Telkomsa.net
Ons is van Sutherland se Bloms. My oupa was Christiaan Johannes Blom, my pa Sakkie Blom en sy tweeling- broer Dawid Blom en 'n jonger broer Chris Blom.

Bolton
corneliusbolton@gmail.com
Ek is die tweede oudste Bolton van drie gebore van Barry Bolton.

Coreejes
fcoreejes@telkomsa.net
Net twee broers het oorgekom vanaf Frankryk, sal meer wil weet oor hulle.

De Kock
mdrdekock@mweb.co.za
My vader was Nicolaas Johannes de Kock.

Du Plooy
mariusduplooy@telkomsa.net
My oupa was Dirk Wouter du Plooy van Ladismith. Ek soek na sy familie. Sy dogter Nellie was getroud met Jan Ellis.

Faul
sweetnam@jaywalk.com
Ek is besig met die Faul/Steyn familieboom en wil baie graag kontak maak met enige van julle wat die vanne dra.

Grobbelaar
braamgrob@absamail.co.za
Ek is Braam Grobbelaar (Jan Abraham Nel) en het op Orkney skoolgegaan.

Swart
swartmimi@gmail.com
Ek is Anton Swart van Klerksdorp en ek het toegang tot een van die Swart- stambome. My Oupa was Johannes Mattheus Swart en hy het in Bredasdorp se distrik gewoon. Hy is oorspronlik van Napier. Een van sy seuns is Daan Swart, tans woonagtig by Gouritzmond. Laat weet as enige Swart-familie inskakel sodat ons die stamboom verder kan uitbrei.

Wewege
cliffbergh@lantic.net
Soek Weweges tans woonagtig in Suid-Afrika.

BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

Ons deel almal dieselfde verlangens

Thea van Rensburg, Ierland:

Dit tref my vandag soos ek so deur die Kammanuus sit en lees, dat jy keer op keer dieselfde verlangens teekom tussen ons klompie wat verder weggetrek het.

Ek het nou net gedink ek wil bietjie navorsing doen waar die koejawel en die boerpampoen nou eintlik vandaan kom, want dit lyk my jy kry dit net in Suid-Afrika. Die eerste ding wat ek hier in Ierland in die winkels oor navraag gedoen het was waar is die pampoen dan. Die antwoord was dat ek pampoen te koop sal kry as dit Halloween is. Nou die halloween pampoene is is soos ons dit genoem het slonspampoen en die pampoen wat ek die minste wil eet. Dit is dus net goed genoeg om 'n uitgesnyde gesig met 'n kers wat van binne skyn, te kry.

Deesdae kry jy darem al butternut pamoene hier en dit help met die ergste pampoenlus, alhoewel ek dit eintlik met botter en Aromat verkies en nie gekook as soetpampoen nie.

Ek het later van jare uitgevind as ons in Noord-Ierland gaan inkopies doen kry ek geblikte koejawels en soms koejawelsap en dan kan ek weer vir 'n paar keer se verlangdae die koejawels met vla eet, om net weer bietjie woema kry vir hierdie land van een lang winter met een dag somer.

Biltong en droëwors maak het ons ook vervolmaak. Die enigste voordeel van die gedurige koue is dat ons "radiators" in al ons vertrekke het en dit werk perfek vir enigiets droog kry, van klere tot biltong. Ons hang darem nie die spilletjie gemeng oor die "radiators" nie.

Ons koop goeie beesvleis en maak ons eie chilli of gewone biltong. Intussen het ons ook 'n slaghuis ontdek wat boerewors verkoop, ook die dunner een wat ons dan ook droog. Ons het dus nou altyd biltong en droëwors in die huis, wat ek moet sê, nie in SA die geval was nie.

Die ander groot hartseer is dat vyekonfyt ook nie verkrygbaar is nie. Partykeer kan jy vye ingevoer van Spanje af koop teen ongeveer R13 per vy. Ek koop dus maar so 'n paar blikkies as ons in SA is en dit help darem as die lus te groot raak. Snaaks hoe mens tog gewoond kan raak aan byna alle omstandighede en na 'n ruk ook nie meer so 'n groot gemis voel vir sekere goed en dinge nie.

Hier in Dublin gaan dit nog goed met die Van Rensburgs, net jammer jy kry nêrens bietjie sonskyn in 'n blik te koop nie. Ons het darem al 'n "terugkeer-datum" en dit help dat die aftreehuis op Jeffreysbaai al dakhoogte is!!

(Ons het bietjie gaan soek vir 'n antwoord, en dit lyk of die koejawel sy oor-sprong het in die gebied wat Suid-Mexiko en Sentraal Amerika insluit. Hy kom in alle warm lande voor. - Hennie.)

Voordeel van vergeet

Dennis en Antje, iewers in Duskantland:

Dankie vir die KAMMANUUS - jammer om te hoor van die finansies -- gelukkig/ongelukkig is ek in 1938 gebore en kwalifiseer dus vir jou gratis dienste.
Solank jy stuur, ontvang ek graag KAMMANUUS en lees dit met smaak en lag en genot.
Ongelukkig is ons 1938ers ingehaal deur OOM ALZHEIMER en ek vergeet al die snaaksighede teen die einde van die brief. Gelukkig beteken dit dat ek al jou NUUSSE op 'n herhaalbasis kort-kort kan inneem.
(Ons kan 'n spesiale reëling tref sodat julle elke week dieselfde Kammanuus kry. Grappie! Julle is welkom hier in ons midde. Hennie.)

As dit nie vir elektrisiteit was nie, sou ons elke aand by kerslig TV gekyk het.

AGTEROS

Oom Paul se esels

'n Storie uit die vroeë dae van die kamera

Deur PIET HENN

Die ou Boere in die Transvaal was praktiese mense. In die Kaap het die mense met die deftige Kaaps-Hollandse argitektuur hulle welvaart op die voorstoep uitgestal. Die kinders van die trekkers se argitektuur was, vir die eerste veertig jaar na hul vestiging noord van die Vaalrivier, behoefte gerig.

In baie gevalle het vier mure en `n dak aan die behoefte voorsien. So was die dan ook die geval met die oorspronklike raadsaal. Die gebou het gestaan op dieselfde plek waar die huidige raadsaal op Kerkplein staan.

Hierdie setel van die land se regering het bestaan uit vier mure, `n sinkdak en `n stoep. Op die stoep is daar gekoukus en `n pypie aangesteek wanneer die gemoedere in die raadsaal warm geraak het. Alles baie behoefte gerig.

Saam met die herwinning van die Transvaal se onafhanklikheid ná die Slag van Majuba in 1881, het daar egter nou `n nuwe verskynsel in Pretoria sy kop uitgesteek – die fotograaf. Dit was die Switser H.F. Gros wat tydens die Beleg van Pretoria die plaaslike bevolking aan die nuusfoto bekend gestel het.

Voor die tyd was dit die era van die ateljeefoto – pa en ma op die stoele en die kinders om die ou mense gerangskik. Nou het fotograwe begin rondloop met hul kameras en dinge afgeneem wat maar liefs gelos moes gewees het.

Op `n dag neem `n Engelse fotograaf die ou raadsaal af. Niks fout daarmee nie, behalwe dat op die stoep van die raadsaal daar `n klomp esels rondgestaan het. Dit was `n span van `n boer wat in die dorp kom sake doen het, en wat nou begin rondloop het.

Vermakerig keer die fotograaf toe vir president Kruger voor. "Ek wil die foto graag Londen toe stuur om vir die mense daar u raadsaal te wys," beduie hy vir die president, hopende op `n prostesterende antwoord.

"Nou stuur as jy wil stuur. Wat het dit met my te doen?" kap Kruger onverstoord terug.

"Maar president, die esels op die voorstoep van die raadsaal," probeer hy dié keer met `n meer op-die-man-af-benadering.

"Wat daarvan?" grom-vra Kruger.

"Is dit nie `n bietjie vernederend nie? Ek meen esels op die voorstoep van die land se hoogste raadsaal," kom die fotograaf dié keer tot die punt.

"Geensins," kap Kruger, nou half-vererg, terug. "By ons is die esels op die stoep. Waar jy vandaan kom, is die esels in die regering," en met dié draai Kruger sy rug op die verstomde fotograaf.

Jou volgende KAMMANUUS is oor 14 dae - op 9 Maart hierdie jaar.